Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 4 Junie 1952. Prys 3d. Nr. 27.

# Vryheidsverlies Herdenk

**Die hoop dat die „vryheid van Suid-Afrika in die praktyk binnekort deur 'n republiek bereik sal word," is uitgespreek op 'n vergadering wat Saterdag op Vereeniging gehou is. 'n Komitee is saamgestel om 'n landwye veldtog van stapel te stuur om 'n monument ter gedagtenis aan die gesneuweldes in die Tweede Vryheidsoorlog op Vereeniging op te rig. Die vergadering is deur die burgemeester, mnr. H. W. Kruger, belê en is deur baie oudstryders bygewoon.**

Sommige sprekers het Brittanje aangeval oor die onmenslike behandeling van die Boere en hul gesinne in Britse konsentrasiekampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Dr. J. H. Breytenbach het die lyding van die Boere ná hul nederlaag deur die Britte beskrywe en gesê dat die verlies van vryheid die bitterste gevolg van die oorlog was.

„In die plek van die geliefde Vierkleur en die vlag van die Oranje-Vrystaat het die ‚spinnekop-vlag' van die oorwinnaars gekom."

**OLIVE SCHREINER**

Die Boere en hul gesinne in die Britse konsentrasiekampe het geen behoorlike slaapplek gehad nie, geen brandhout nie, en daar was nie kos vir die mense nie. Vereeniging het in Mei 1902 die graf van die twee Republieke geword.

Met die begrafnis van die Republieke is egter 'n nuwe vlam aangeblaas en die volk is in 'n nasionale eenheid gesmee om te veg vir die toekoms van die Afrikanerdom.

Olive Schreiner het in 1900 in die Kaap gesê: „Dit maak nie saak hoe oud ek word nie, ek sal nooit die melding van Engeland hoor sonder die gefluister van ‚onderdrukker' daarby nie. „Laat ons stry vir alles wat vir ons dierbaar is, sodat dit van die Zambesie tot Simonstad sal wees: Afrika vir die Afrikaner!"

Ds. P. van den Hoven, wie se gemoed tydens sy toespraak vol geskiet het sodat hy die trane verskeie kere moes afvee, het die tonele beskryf tydens die vredesonderhandelinge tussen die Boere en die Engelse op Vereeniging.

Die Statuut van Westminster het aan die Unie sy vryheid gegee, maar dit is net teoreties. Die praktiese vryheid moet nog kom. „Ons bid dat dit gou sal wees wanneer ons weer 'n republiek sal hê," het hy gesê.

Die vergadering het nie eensgesindheid bereik oor die vraag of die monument wat opgerig gaan word slegs die vernedering en smart van die Afrikanervolk moet voorstel nie en of dit ook die grootheid moet simboliseer waartoe die volk opgestyg het sedert daardie tragiese dae. Dr. S. H. Pellisier, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, het verklaar dat die monument die vernedering en die smart van die Afrikanervolk moet simboliseer toe hy gedwing was om die vredesvoorwaardes van die Britse regering vyftig jaar gelede te aanvaar. Ds. Van den Hoven het gesê: Ons weet dat die Afrikanervolk sedert daardie tragiese dae tot grootsheid ontwikkel het, en ek dink dat die ontwerper van die monument hierdie dinge in aanmerking behoort te neem.

Op sy voorstel is 'n adviserende komitee gekies wat vooraanstaande kunstenaars en argitekte sal raadpleeg en wat seggenskap oor die ontwerp van die monument sal hê.

# BEROERING NA OPTREDE

**Die regering se optrede, kragtens die wet op die onderdrukking van kommunisme, teen sekere persone wat deur die beredderaar „genoem" is as kommuniste, het 'n paniekerige agitasie teen die „diktatoriale" regering van dr. Malan tot gevolg gehad.**

Die Minister van Justisie het briewe gerig aan mnre. S. Kahn en F. Carneson, die naturelle van Wes-Kaapland se verteenwoordigers in die parlement en in die Kaaplandse provinsiale raad, waarin hy hulle in kennis gestel het dat hulle sedert Maandag, 26 Mei nie meer lede van die betrokke rade is nie; hy het 'n aantal blanke en naturelle-sekretarisse van vakbonde insgelyks in kennis gestel dat hulle hul poste binne dertig dae moet ontruim; en hy het ook die Guardian, 'n Kaapstadse weekblad, in die ban gedoen.

Hierdie optrede was die teken vir histeriese beskuldigings teen die regering as sou hy die vakbondwese en die demokrasie in Suid-Afrika wil vernietig onder die dekmantel van bestryding van die kommunisme.

Sommige Suid - Afrikaanse vakbonde het by internasionale vakbondorganisasies gaan kla en die S.A. Arbeidersparty het die regering by die Britse Arbeidersparty verkla. Die gevolg is dat die agitasie teen die regering ook in die buiteland opgevlam het.

Sommige vakbondmense teen wie die regering opgetree het, het te kenne gegee dat hulle hulle teen die regering gaan verset.

# STEEDS MEER GLO AAN ALGEHELE SEGREGASIE

**Dit is nie slegs die eenparige stem van die Afrikaanse Kerke soos in kongres vergader, en van uiteenlopende organisasies soos Sabra, die Nuwe Orde en die Ossewabrandwag, wat die enigste toekoms van 'n blanke Afrika in algehele segregasie sien nie. Die geledere van hierdie gedagteskool groei aan en in die jongste tyd het twee groot Afrikaanse koerante hulle ten gunste van hierdie ideaal uitgespreek. Ook in Suid-Rhodesië en in Brittanje is daar stemme wat vir dié rigting opgaan. Die Britse generaal, sir Francis de Guingand, wat hom na die oorlog in Suid-Rhodesië gaan vestig het, het in 'n onlangse artikel in die Londense Sunday Times hom ook ten gunste van hierdie ideaal uitgespreek deur te verklaar dat daar „sowel naturelle- as blanke gebiede of ‚state' moet wees waarin die belange van elk onderskeidelik voorkeur moet kry."**

**Ook sir Oswald Mosley se politieke volksbeweging is ten gunste van 'n beleid van algehele segregasie in Afrika. In 'n onlangse uitgawe van Union skryf Mosley onder meer as volg oor hierdie saak:**

„Dit is 'n kaalkop leuen om te beweer dat ons beleid die Europese vraagstuk oplos ten koste van die Neger en Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. Dit is waar dat ons voorstel dat hulle hul eie staat in hul eie tropiese gebied moet hê, wat een van die rykste dele in die wêreld is. Daar is genoeg ruimte vir swart en wit in Afrika: inderdaad is daar op die oomblik nie genoeg van albei om die werklike ontginning van daardie groot gebied te behartig nie. Waarom is die daarstelling van 'n onafhanklike Neger-staat 'n daad van onderdrukking? Die enigste mense wat daardeur seergemaak kan word is die kapitalistiese onderdrukkers wat hul arbeid nodig het in uitbuitende nywerhede."

## *Die Vaderland*

'n Paar weke gelede het Die Vaderland hom in 'n hoofartikel vir die eerstemaal baie uitdruklik ten gunste van algehele segregasie uitgespreek. Die blad vra of daar dan geen oplossing is vir die opname van die nie-blanke in ons stede wat sy verwydering uiteindelik onmoontlik sal maak, en verklaar:

„As 'n mens hierdie vraag stel, kom daar so 'n koor van klagte dat jy besef dat die ou laat-maar-loop-beleid as die maklikste uitweg gesien word. Die bewering is dadelik dat ons myne, ons nywerhede en landbou in duie sal stort sonder die goedkoop arbeid van die nie-blanke, en die huisvrou sou radeloos wees sonder haar swart bediende. **As ons so redeneer, dan moet ons die gevolge aanvaar. Maar wie verder as sy neuspunt wil kyk, sal besef dat Suid-Afrika 'n blankemansland moet bly.** Dit is 'n alte waardevolle voorpos van die Westerse beskawing. Terwyl ons dan nou tog die slegte naam gekry het, kan ons net sowel hierdie beleid drasties deurvoer.

**WILSKRAG**

„Die vraag ontstaan of die nie-blanke nie stelselmatig en met wilskrag uit die blanke gebiede verwyder moet word nie. Sommige ekonome beweer dat die reserwes die naturellebevolking nie kan dra nie, maar in die laaste instansie is selfs die reserwes nie eers 'n oplossing nie. **Heel Afrika sal in blanke en nie-blanke gebiede verdeel moet word, en die naturel wat in warmer dele beter as die blanke aard, sal daarheen moet verhuis.**

„Hierdie beleid sal 'n grootskaalse verskuiwing meebring en die werk van moedige, versiende staatsmanne wees, maar dit sou beide vir die naturel en die blanke 'n oplossing vorm en baie ongesonde verskynsels van vandag opruim. Dit sal natuurlik vir Suid-Afrika se ekonomiese lewe aanvanklik 'n gedugte skok wees, maar dié sal met blanke arbeid en 'n nuwe aanpassing weer herstel. Die ewige geknaag aan ons siele oor die nie-blankes in ons midde sou dan besweer wees en ons kan opnuut, soos ander blanke lande, met blanke arbeid ons staat opbou.

„Die laat-maar-beloop-man sal so 'n beleid onmoontlik en verregaande vind, maar eenmaal sal hy tog sy riete moet roer en dan sal dit te laat wees."

## *Dagbreek*

Verlede week het die hoofredakteur van Dagbreek op hierdie saak teruggekom nadat hy verlede jaar na 'n deurtastende studie-reis 'n insiggewende ontleding van die hele vraagstuk gegee het. Hierdie keer het mnr. Van Heerden die Nasionale Party se beleid aan die ideaal van segregasie getoets en tot die slotsom gekom dat die doelstellings baie wyer gestel moet word as wat die party tot dusver bereid was om te doen. Mnr. Van Heerden skryf as volg nadat hy die goeie werk van die regering aangeprys het:

„Maar hoe om politieke segregasie as 'n permanente orde ten uitvoer te bring sonder ekonomiese, en in die laaste instansie territoriale skeiding, daarop het die Nasionale Party, ewemin as enige ander, nog 'n antwoord.

„Inteendeel, die party is dit met die Opposisie en met baie ander ondersoekers eens dat ekonomiese apartheid onpraktiese, en algehele territoriale skeiding onuitvoerbaar is. Hy aanvaar dat ekonomiese integrasie onvermydelik is. Wel het hy die goeie voorneme om dit sover as moontlik te beperk, maar alleen ‚sover as moontlik.'

**DOMINASIE**

„Vir die res gaan hy van die standpunt uit dat die blanke langs die weg van dominasie sy posisie moet handhaaf oor 'n ekonomiese geïntegreerde, maar altyd stemlose nie-blanke meerderheid, ongeag die mate waarin laasgenoemde mag toeneem in bedrewenheid, ontwikkeling, ekonomiese mag en nasionale en politieke ambisie.

**„En tog is daar min denkende individuele Nasionaliste, leiers ingesluit, wat waarlik glo dat permanente dominasie moontlik is. Watter grond is daar immers om dit te veronderstel, gesien dat dit nêrens in die wêreld nog ooit gebeur het nie?** Gevolg is dat Nasionale Partybeleid, as basis vir 'n toekomsorde, nog op onreële grondslag berus.

**ONAFGEHANDEL**

„In die omstandighede kan daar geen sprake wees van 'n voltooide opdrag nie. **Sulke sprake is in ieder geval uit die kwessie solank ons te doen het met enige kleurbeleid wat beperk is tot 'n enkele politieke party, 'n party met 'n klein meerderheid wat onpopulêre weë moet volg om uitvoering aan sy beleid te gee, en wat bowendien juis op grond van sy kleurbeleid bitter beveg word deur die orige deel van die Suid-Afrikaanse blankedom, deur blankes in vrywel elke ander deel van Afrika, deur die hele nie-blankedom en deur die ganse res van die wêreld.**

„Dat baie van die antipateë berus op wanbegrip, en vir die res tot aansienlike mate voortspruit uit vooroordele wat niks te doen het met kleurbeleid nie, maak geen saak nie. Feit is dat enige wetgewing wat in sulke omstandighede deurgeforseer mag word, aan die dun draadjie hang van 'n meerderheid in die Parlement van die oomblik.

**INDIEN APARTHEID ....**

„Vir oplossing van die probleem van toekomstige verhoudings tussen wit en swart, is veel meer nodig as wat die Nasionale Party sover gedoen het of geleentheid gehad het om te doen.

„Verder: dit vereis dat doelstellings baie wyer gestel moet word as wat die Nasionale Party sover geneë was om te doen.

„Sulke doelstellings kan nie beperk word tot wetgewing wat die blanke gesag in 'n onbepaalde gebied verseker net solank as dit kan hou nie. Dit moet ook insluit:

**1. „om permanentheid te verseker deur blanke opinie in die Unie agter so 'n beleid te konsolideer;**

**2. „om die medewerking van blankes elders in suidelike Afrika aktief te soek met die oog op eenvormige strewe, om te voorkom dat die een gebied in die subkontinent die ander verongeluk; en**

**3. „om 'n gebiedsverdeling en politieke opset te probeer bewerkstellig wat ruimte sal skep vir ontwikkelende nasionale behoeftes en aspirasies by die naturellebevolking, omdat die by so 'n menigte nie gefrustreer kan word nie.**

„Dit is die weg, as ons apartheid wil hê, wat afgelê sal moet word voordat ons kan praat van ‚opgelos.' Dis die taak voor die Unie-staatsman voordat daar sprake kan wees van ‚opdrag voltooi.' En as dit nie so gebeur nie, sal ander ‚oplossings' as apartheid hulle opdring."

DIE O.B., WOENSDAG, 4 JUNIE 1952

# NA 50 JAAR

Dit was hierdie jaar 'n honderd jaar gelede dat Brittanje sy handtekening by Sandrivier geplaas het onder 'n dokument waarin die vryheid van die Afrikanervolk op republikeinse grondslag ten opsigte van die Transvaal erken is. Ten spyte van daardie erkenning moes die Republiek hom driemaal met die wapen in die hand verdedig het teen Britse aanslae op sy vryheid. Die laaste aanslag het vyftig jaar gelede geëindig in die uitwissing van die Republieke by Vereeniging na 'n verset waarin die Afrikanervolk na verhouding 'n hoër prys in lewens betaal het as wat enige volk sedert die tydperk van „beskaafde" oorlogvoering nog betaal het. Inderdaad was die vrede van Vereeniging wat op 31 Mei herdenk is, nie die vrug van nederlaag of moedeloosheid nie, maar eerder van vrees dat ons volk geheel en al uitgeroei sou word weens die sewevoudige oorwig aan vroue en kinders teenoor vegtende burgers wat die lewe ingeboet het.

Dat die Engelse pers 'n afkeurende houding inneem oor die feit dat Afrikaners meer aandag geskenk het aan die verlies van hul vryheid vyftig jaar gelede as aan die totstandkoming van Unie twee-en-veertig jaar terug, toon maar net hoe min begrip hierdie mense ná 'n halwe eeu se „samewerking" nog vir die Afrikaner openbaar. **Dit toon ook dat, wat hulle betref, die strewe van die Afrikaner vyftig jaar gelede by Vereeniging saam met die Republieke begrawe is en dat hulle nog steeds die veroweringsdaad — wat in hedendaagse volkereg „aggressie" sou heet — van vyftig jaar gelede wil handhaaf.**

## EER EN PLIG

Wanneer 'n volk sy rigting vir die toekoms wil bepaal, moet hy sowel sy verantwoordelikheid teenoor die voor- as nageslag oorweeg. Ons het 'n plig teenoor diegene wat in die verlede 'n afstand afgelê het op ons volkspad, en veral 'n plig teenoor hulle wat die tol met hul lewens betaal het. Daarom beskou ons die verlede nie as afgesluit by Vereeniging vyftig jaar gelede nie, maar is die herrysenis van die Suid-Afrikaanse Republiek — hierdie keer nie net benoorde die Vaal nie — vir ons 'n saak van eer en plig. Daarom is die Ossewabrandwag nie gediend met enige vorm van Britse vryheid nie — of dit nou ook al „soewereine onafhanklikheid" of 'n „republiek" binne die Britse Statebond is. Maar ons het ook 'n plig teenoor die nageslag. **Ons vryheidstrewe is nie net 'n saak van morele oorweging nie, dit is vir ons ook van die mees aktuele betekenis. Ons sien in die republiek die enigste oplossing vir 'n verenigde Suid-Afrika wat op sy beurt die enkele voorwaarde is vir die voortbestaan van 'n blanke Suid-Afrika. Die taak wat in Afrika wag vir ons volk is so geweldig dat dit alleen met volwasse krag aangepak kan word, en daardie volwassenheid het ons nog nie solank daar gepraat word van 'n „nuwe nasie" wat nog „gebou" moet word nie.** Voordat daar nie in wyer kringe besef word dat hier reeds 'n paar eeue gelede 'n volk gebore — nie „gebou" — is nie en dat daardie volk ten spyte van die grootste dwarsboming nog steeds die koers in Suid-Afrika aangegee het, sal ons nie gereed wees om die taak te vervul waartoe ons glo dat ons geroep is nie.

## ONBEKWAAM VIR TAAK

Amerika, wat net soos ons land 'n kolonie van Engeland was, kon alleen uitdy tot 'n wêreldmoondheid nadat sy selfstandigheid as volk nie net deur Brittanje formeel erken is nie, maar veral ook deur almal wat hulle daar gaan vestig het en die Statue of Liberty ook as hul monument aanvaar het. Volwassenheid as 'n Suid-Afrikaanse volk sal ons eers dan bereik het wanneer alle gevestigde burgers van ons land na Vereeniging sal terugkyk as 'n daad van aggressie en na die Vrouemonument by Bloemfontein as 'n daad van herinnering en opwekking. **Voordat ons daardie stadium bereik het, is ons bedrywighede veel meer toegespits op die bou van skanse in die voortgesette stryd tussen Brit en Boer as op die bou van 'n land — of „nasie" soos sommige dit noem.**

Die grondslag vir die vereiste gemeenskaplikheid van uitkyk en aanvoeling kan nie gelê word op die Britse daad van verowering en regskending nie. Daaruit kan geen gemeenskaplike trots gebore word wat tot groot dade aanspoor nie. Nog minder kan dit gelê word op Britse instellings en opvattings wat vreemd is aan die Suid-Afrikaanse toestande. Dit kan maar net gelê word op die „wortel van ons volkshistorie," en dit is daarom nie 'n saak van blote sentiment nie, maar van staatkundige noodsaak om te ywer vir die spoedige herstel van republikeinse selfstandigheid. **Dit is praktiese politiek van die mees aktuele aard. Na vyftig jaar van Britse „nasiebou" en Britse instellings het ons so ver gevorder dat Natal 'n konvensie belê met die oog op afskeiding! Verre van die „nuwe nasie" wat dan in die vyftig jaar „gebou" moes gewees het, staan ons eerder op die punt van „nasiesplitsing."**

**Die pad van Brits-Suid-Afrika het na vyftig jaar doodgeloop. Laat ons dus maar weer begin by Sandrivier.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Oorwinning Behaal*

Die Engelse Volksbeweging, Union Movement, wat gelei word deur Sir Oswald Mosley het in twee wyke van die stad Londen kandidate gestel in die jongste munisipale verkiesing wat in die land gehou is. En in albei die wyke het die Volksbeweging se kandidate die paal gehaal. In Kensington het mnr. Burgess 560 stemme ontvang teenoor sy twee teenstanders se 442 en 418 stemme onderskeidelik. In Brixton het mnr. Dunigan 758 stemme ontvang terwyl sy teenstanders 523 en 373 stemme onderskeidelik gekry het.

Ek wil die Engelse Volksbeweging en sy twee kandidate gelukwens met die oorwinnings wat hulle behaal het. As 'n mens in aanmerking neem dat die partypolitici wat die afgelope oorlog gevoer het, die Engelse Volksbeweging gedurende die oorlogsjare in die ban gedoen het en sy leier in die tronk gestop het dan is die herrysenis van die Volksbeweging sedert die beëindiging van die oorlog ongetwyfeld 'n prysenswaardige prestasie.

### *Sy Boodskap is sy Krag*

Toe die tweede wêreldoorlog beëindig is was daar geen politieke organisasie in Brittanje so dood soos die Engelse Volksbeweging nie. Trouens die politieke diskrediet waarin die beweging verval het, het alle hoop op herrysenis na valse optimisme laat lyk.

Maar die handjievol getroues het nie moed opgegee nie. Hulle geloof in die nuwe lewenskragtige beginsels wat hulle bely, het hulle staande gehou en sterk gemaak in die stryd wat hulle opnuut aangedurf het. Die Volksbeweging het weer 'n blad begin uitgee — Union — en sistematies begin organiseer. Vandag is die Volksbeweging reeds weer betreklik sterk en begin hy al weer oorwinnings behaal in die plaaslike verkiesings — selfs in Londen!

Teen die Volksbeweging staan die twee groot politieke partye in Engeland, nl. die Konserwatiewe Party en die Arbeidersparty. Wat getalle betref is die Engelse Volksbeweging baie kleiner as enigeen van die twee groot partye. Maar wat idees, beginsels en rigting betref is die Volksbeweging sterker as die groot politieke partye. En dit is hierin waarin die leiers van die Volksbeweging krag soek en vind.

Die Engelse Volksbeweging beveg al die politieke partye; trouens hy beveg die partystelsel as sodanig. Hy verwerp die partypolitici en hul doellose politiekery. Hy heul nie met die uitgediende partye en die politici nie. Inteendeel. Die Engelse Volksbeweging tree geheelénal selfstandig op. Hy verkondig sy eie boodskap aan die Engelse volk. Dit is sy roeping en dit is ook sy krag.

### *Nuwe Lewe Ontwaak*

Sir Oswald Mosley se beweging in Brittanje is die Engelse uiting van die omvattende nasionale ontwaking wat besig is om die westerse volke tot nuwe lewe op te wek. Dit is die Britse bydrae tot die moderne politieke rewolusie wat die westerse wêreld moet herskep. Indien hierdie herskepping wat eintlik 'n omwenteling van heersende beskouinge en daaruitvloeiende dade is, nie plaasvind nie, dan kan die ondergang van die Weste nie gestuit word nie.

Maar gelukkig het daar nuwe lewe ontwaak in die skote van die meeste volke van die Weste. Die spontane verskyning van die verskillende volksbewegings is die geboorte van die nuwe lewe wat nuwe gestalte aan die Weste sal gee.

### *Ons Geslag se Lot*

Dit is die mensegeslag wat vandag asem haal se lot om te leef in 'n oorgangstydperk. Hierdie lot sal vir sommige vreugdevol wees, maar vir ander sal dit smartlik wees en vir nog ander noodlottig.

Die vreugde sal opwel in die harte van diegene wat die baanbrekers van die nuwe wêreldtydperk is. En die smart sal die agterhoede van ou orde verpletter.

Maar die oorgangstydperk sal vir baie noodlottig wees. Dit is ongelukkig waar. Want die oorgang sal plaasvind in oorlogsgeweld. Na twee groot wêreldoorloë is die politieke omwenteling van ons tyd byna voltooi. Blykbaar sal 'n derde wêreldoorlog die proses afrond.

Die mensdom kan niks doen om die vernietiging van die ou bedeling te verhoed nie, want dit is juis die ou bedeling se kampvegters wat die bewerkers van sy ondergang is. Die mensdom kan ook nie die omwenteling na die nuwe bedeling keer nie. Maar die mensdom moet self die nuwe lewe wat hy in die tweede helfte van die twintigste eeu gaan voer voorberei. Dit is deel van ons geslag se lot. Die chaos wat kom kan niemand verhoed nie; maar die orde wat daarna sal ontstaan moet die mens self skep.

### *Orde heul nie met die Chaos nie*

Dit is aan hierdie orde wat die verskillende volksbewegings bou.

In Engeland is dit Union Movement; in Frankryk is dit genl. De Gualle se Lyfwag van die Franse Volk; in Spanje is dit die Falangistiese staat; in Portugal die Nuwe Staat; in die Skandinawiese lande miskien die koöperatiewe bewegings; in Duitsland die sogenaamde neo-Nazisme, ens.; en in Suid-Afrika waarskynlik die Ossewabrandwag.

Die ou politieke partye wat nog in meeste lande van die Weste die bewind voer is die instrumente wat besig is om die naderende chaos voor te berei; die jong volksbewegings is die instrumente wat orde uit daardie chaos moet skep. Daarom heul die volksbeweging nie met die politieke party nie — want orde en chaos kan nie met mekaar versoen word nie.

### *Stem vir Apartheid*

Ek wil graag weer terugkeer na die oorwinning wat Union Movement in die Londense stadsverkiesing, wyk Brixton, behaal het. Dit was 'n regte apartheidsverkiesing soos ons die begrip in Suid-Afrika verstaan.

In die jongste tye het Brixton die saamkomplek van nie-blankes geword. Tot so 'n mate dat die stad selfs die naam „Little Africa" verwerf het. Daar het onsmaaklike insidente plaasgevind tussen wit en swart. En die blanke inwoners van die stad het in hewige verset gekom teen die instroming van nie-blankes wat tussen hulle kom woon het.

Union Movement het standpunt hierteenoor ingeneem en 'n beleid verkondig wat ons in Suid-Afrika sal beskryf as territoriale apartheid. Die kandidaat van die Volksbeweging het gepleit daarvoor dat nie-blankes, nie alleen uit Brixton nie, maar ook uit die hele Engeland gehou moet word. Hulle moet in hulle eie lande in Afrika woon, waar die moontlikhede vir ontwikkeling vir hulle geskep moet word. Union Movement se leuse in die verkiesing was: „Hou Brixton Wit."

En Brixton het by die stembus besluit dat hy wit wil bly!

### *Algehele Apartheid*

Die inwoners van Brixton het reeds die eerste vrugte van die Volksbeweging se oorwinning gepluk. Die regering en by name die Colonial Office het naamlik afgesien van die voorneme om ongeskoolde nie-blanke immigrante in Brixton op te lei om geskoolde „Britse" arbeiders te word. Die regering verklaar nou dat hy nie langer bereid is om die belastingbetaler se geld te gebruik vir skemas wat „moontlik nie-blankes kan aanmoedig om hierheen (na Brittanje) te immigreer nie."

Dit blyk dat die Engelsman in Engeland ook ten gunste van apartheid is wanneer die stadium bereik word dat die swartman langs hom in Brixton wil kom woon! En dan is hy blykbaar ten gunste van algehele apartheid, wat beteken: Engeland (of Brixton) vir die Engelsman en Naturelleland in Afrika vir die naturel.

So sê die Ossewabrandwag ook.

Die blanke koloniste in Brittanje se gebiede en kolonies in Afrika is ook ten gunste van algehele apartheid of gebiedskeiding van wit en swart. Dit is verblydend dat hierdie beleid ook in Engeland gepropageer en goedgekeur word. Die ander Europese moondhede met besittings in Afrika sal ook die skeiding van wit en swart goedkeur — elke kleurgroep in sy eie gebied.

Klaarblyklik is die Afrikaner se opvatting van algehele apartheid — die territoriale skeiding van wit en swart — die enigste praktiese kleurbeleid — wat uiteindelik deur alle belanghebbende blankes en nie-blankes in Afrika en elders aanvaar sal word.

**O.B.**
**VRIENDSKAPSENTRUM**
Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**
*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### GEBOORTE

KILIAN. — Van die Heer ontvang op 26 Mei, 'n welgeskape Boerebaba, 'n sussie vir die ander sewe Brandwaggies, opreg O.B., vry van die smet van partypolitiek en reg vir haar God, haar volk, haar land, Suid-Afrika. — Die dankbare ouers, P. G. en M. G. KILIAN. 4/6/1

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49


# POLITIEKE AKSIE VIR IDEAAL NODIG

**Mnr. H. L. Neethling, Pk. Tuinplaats, skryf:**

Dit is duidelik dat die Afrikanerdom se heiligste ideale verwater word. Ons dink aan die ideaal van 'n republiek binne die Britse Ryk; aan die ideaal van totale territoriale segregasie van die nie-blanke inboorling wat verydel word deur die integrasie van die nieblanke in ons blanke ekonomie, aan die repatriasie van die Indiër wat onmoontlik gemaak word deur toegewinge onder die Groepsgebiede-wet, en uiteindelik ons ideaal van nasiewording wat onder dekking van 'n Nasionale regering wat die verband met die Britse Ryk al hegter aanhaal, verwater word.

Die stryd teen imperialisme is in 1899—1902 met die wapen gestry en daarna deur genl. Hertzog en sy Nasionaliste — 'n groot deel bestaande uit manne wat hulle lewe teen Britse oorheersing gewaag het. Daardie manne is daar met uitsonderinge nie meer nie en met hulle verdwyn die laaste vestinge.

Ekonomiese determinasie is besig om die rigting aan te dui en die Boer en sy ideale — nee meer, die ideaal van blank Suid-Afrika is in die gedrang, en duideliker as alles staan uit die feit, dat jong Suid-Afrika leierloos en weerloos teenoor die nuwe tyd en sy probleme staan. Dit is iemand se taak om die ideale van ons voorgeslagte te versoen met die behoeftes van die nuwe tyd, en te oorhandig aan die jeug, opgedra op 'n wyse wat hulle sluimerende idealisme te voorskyn sal roep en hulle tot leierskap sal inspireer.

Die enigste beleidsprogram wat aan hierdie vereiste kan voldoen is een wat ten minste die volgende sal bevat:

(1) 'n Behoudende republiek.
(2) Sosiale veiligheid.
(3) Territoriale segregasie.

Opvoeding tot hierdie ideale het in soverre dit die breë massa betref definitief misluk. Sowel die Ossewabrandwag as die Nuwe Orde het dit probeer en in die proses gekwyn. Dit het misluk omdat dit sonder politieke strydaksie gepaard gegaan het.

Die bogenoemde ideale kan alleenlik deur 'n nie-partystaat verwesenlik word en 'n nie-partystaat kan alleen deur 'n party of bond met die doel om partye te ban verkry word. Daar is geen ander konstitusionele weg nie, of ons daarvan hou of nie. Om die uitdaging nie te aanvaar nie is om dit te ontvlug.

Die tyd om so 'n organisasie te stig is nou en nie môre nie. Die tyd van so 'n organisasie om toe te slaan sal kom wanneer die eerste beginselverskil met of in die Nasionale Party kom.

Die vraag is nie meer of ons 'n organisasie moet stig nie en wanneer nie. Die vraag is net hoe lank ons so 'n organisasie in toom sal moet hou voordat dit tot aksie oorgaan. Dit op sy beurt is 'n vraag van politieke moed.

Dit is my opsomming van die wense van elke O.B. en N.O. wat ek ken.

Ons sal daaraan moet voldoen of tydsaam sterf.


SUID-AFRIKAANSE SPOORWEë

## AANLEGTOETSE VIR TOELATING VAN VAKLEERLINGE TOT DIE SPOORWEGDIENS

Vir algemene inligting word bekend gemaak dat aanlegtoetse vir toelating as vakleerlinge tot die Spoorwegdiens binnekort op die volgende toetssentrums afgeneem sal word:

| | |
|---|---|
| Pretoria. | Uitenhage. |
| Johannesburg. | Oudtshoorn. |
| Pietermaritzburg. | Kaapstad. |
| Durban. | Kimberley. |
| Bloemfontein. | Upington. |
| Oos-Londen. | Windhoek. |

Seuns wat standerd ses met goeie gevolg afgelê het of in November/Desember 1952 sal aflê, en op 30 September 1952, vyftien jaar of ouer maar nog nie neëntien jaar sal wees nie, kan vir die aanlegtoetse inskryf.

Seuns wat neëntien jaar of ouer is, maar hoër opvoedkundige kwalifikasies as standerd sewe, of spesiale kwalifikasies besit, asook diegene onder vyftien jaar maar wat daardie ouderdom op of voor 2 Januarie 1953 sal bereik, kan toestemming van die Departement kry om die aanlegtoetse af te lê, en elke geval sal op sy meriete behandel word.

Seuns wat die toetse verlede jaar afgelê het mag vanjaar ook aansoek doen mits hulle aan voornoemde vereistes voldoen. Nader besonderhede kan van enige werktuigkundige ingenieur, afdelingsbestuurder of stasiemeester verkry word.

Kandidate moet die aanlegtoetse op die toetssentrum naaste aan hulle tuiste aflê, en aansoek om vir die toetse in te skryf, **saam met die geboorte- en skoolsertifikaat van die applikant, moet betyds ingestuur word** om die naaste werktuigkundige ingenieur of die afdelingsbestuurders, Kimberley, Johannesburg of Windhoek nie later as 30 Junie 1952 te bereik nie. **Laat inskrywings sal nie aangeneem word nie. Aansoeke om vir die aanlegtoetse in te skryf, moet nie aan die Hoofbestuurder gestuur word nie.**

Kandidate wat na 'n toetssentrum reis met 'n spoorwegvrypas deur die Administrasie verskaf, en later 'n aanbod van die hand wys om as vakleerling in die Diens aangestel te word, moet die Administrasie vergoed vir die reis wat onderneem is.

W. HECKROODT,
Hoofbestuurder.

S.103/25/2/53


## NAS. PARTY-LEDE LEES DIE O.B. SONDER GRIEF

**Mev. C. Verster, Bethlehem, skryf:**

Ek is verbaas om te verneem dat daar van O.B.-lede se kant kritiek teen u blad uitgespreek word, o.a. omdat die blad dan kwansuis ons mede-Afrikaners, by name die H.N.P., beveg. Nou ja, watter stommiteit nog meer! Afgesien van die feit dat ons as beweging uitgesproke antipartypolitiek is — of is ons nie meer nie?

Ek stuur Die O.B. nou al 'n geruime tyd aan hardvogtige H.N.P.-lede. Hulle het nog nooit daaraan gedink om gekrenk te voel of beswaar te maak teen Die O.B. nie. Inteendeel erken hulle dat die blad sy vinger haarfyn op al die leemtes van die partypolitiek lê. Hulle gaan self so ver om te sê: „Ja, julle moet ons help om daardie dinge reg te maak.“

Maar dis natuurlik die leiers van die H.N.P. wat ontsteld is, want die O.B. stel sake aan die lig soos dit werklik is, en nie soos die leiers dit volgens hulle smaak voordoen nie.

Nee, mnr. die Redakteur. Ons lees gereeld u blad en vind daarin lig op sake en leiding. Die blad was die afgelope tyd puik!

Al verval die beweging, solank die O.B.-blad bly voortbestaan sal daar nog genoeg wees vir elke republikeinse Afrikaner.

## ROEREND EENS

**Mnr. N. A. Bonthuys, Keimies, skryf:**

Die rusverstorende lawaai in ons land tussen „Regering“ en „Opposisie“ en die krisis waarheen dit kan lei, laat my daaraan dink dat ek die Suid-Afrikaanse Parlement tweekeer roerend eens gesien het — in 1928 toe hulle salarisse onder die Nasionale Party-bewind van genl. Hertzog verhoog het en in 1951 toe hulle salarisse onder die Nasionale Partybewind van dr. Malan verhoog het.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## VRYBURG SE VERLIES

Mnr. Barry Grobler, Vryburg, skryf dat die C. R. de Wet-kommando 'n gevoelige verlies gely het met die afsterwe van mnr. Gert van Heerden (kommandant), op 20 Mei.

Mnr. Van Heerden was aangestel as een van die poskoetsdrywers tussen Amalia en Ceres (Kaap) tydens die Van Riebeeck-fees, maar het langs die pad siek geword aan maagkoors. Nadat hy 'n paar dae in die hospitaal op Ceres was, het een van sy seuns hom in Kaapstad gaan haal. Na 'n verblyf in die hospitaal op Schweizerreneke het die siekte 'n wending geneem en is hy oorlede. Hy is op sy plaas begrawe in teenwoordigheid van 'n skaar van meer as 300 belangstellendes.

Sy O.B.-ideaal het hy getrou

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

uitgelewe in die gees van „ek sal my broer nie in die steek laat nie.“

Die kommando se meegevoel is met sy vrou en kinders en ander familiebetrekkinge.

## Party-Bril se Fratse

**In 'n voetnoot onder die berig dat die Suid-Afrikaanse Mynwerkersbond die regering se optrede teen kommuniste in die vakbonde ondersteun, en hom versoek om alle kommuniste wat daar in sy eie geledere mag wees, uit te sluit, verklaar die Cape Times dat die Mynwerkersbond hoofsaaklik uit Nasionaliste bestaan.**

Hierdie voetnoot werp verdere lig op die eienaardige mentaliteit van die partypolitiek. **As die Klerewerksters, wat voorgee dat hulle namens 14,000 werksters praat, 'n besluit teen die regering se optrede neem, is dit almal suiwere werkers wat net die belange van hul vakbond op die hart dra. As die bestuur van die Mynwerkersbond, wat 17,000 werkers verteenwoordig, 'n besluit ten gunste van die regering se optrede neem, word dit toegeskryf aan die feit dat hulle as Nasionaliste praat en nie as werkers nie.**


memo oor persoonlike keurigheid



—en moet my Eau de Cologne en Laventel nie vergeet nie—K.W.V. natuurlik!

Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se *gewildste* sigaret**

* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eersgraadse tabak.*

GI-3080A

# EUROPA KAN NIE TEEN SOWJET VERDEDIG WORD

**Op 9 Mei 1952 — ironies genoeg juis op die dag van die ondertekening van die plan van die Rykverbondsleër — het daar in Parys 'n politieke atoombom gebars waarvan die uitwerking nog heeltemal onvoorsienbaar is. Op hierdie dag het die invloedrykste koerant in Frankryk, Le Monde, die inhoud van 'n veronderstelde geheime berig van die Amerikaanse vloothoof, admiraal W. F. Fechteler, gepubliseer wat inhou (1) dat die Russies-Amerikaanse oorlog 'n gewisse feit is en nog voor 1960 gaan uitbreek; (2) dat in hierdie oorlog Wes-Europa deur die Rooi Leër heeltemal oorstroom kan word, en binne drie dae aan die Engelse Kanaal kan staan waardeur Brittanje as oorlogvoerende moondheid uitgeskakel sal word; (3) dat as gevolg hiervan Spanje, die eilande van die Middellandse See en Noord-Afrika die eintlike basis vir die oorlog tussen Rusland en Amerika sal word van waaruit die „bevryding van Europa" voorberei sal moet word.**

Aangesien elkeen weet dat Le Monde weens sy noue verband met die Franse buitelandse ministerie 'n halfamptelike karakter dra en die uitgewers van hierdie vooraanstaande koerant goed genoeg geweet het watter buitengewone uitwerking hul onthulling sou hê, het die vrygestelde Amerikaanse amptelike ontkenning nie die minste indruk gemaak nie. Le Monde het buitendien so ver gegaan om selfs die verhaal te publiseer van hoe hy die berig in hande gekry het — op sigself al sensasioneel genoeg. Daarvolgens gaan dit om 'n amptelike stuk wat tussen 10 en 17 Januarie aan die voorsitter van die Amerikaanse veiligheidsorganisasie, James Lay jr., gerig is van wie die Engelse geheime diens 'n afskrif in hande gekry het. **Hierdie gesteelde afskrif is aan die Britse admiraliteit op 24 Januarie voorgelê, en van Londen af het die dokument sy weg na Le Monde gevind met slegs die versoek daarby dat alle geheime militêre besonderhede weggelaat moes word.** (Selfs sonder hierdie besonderhede het die berig nog 7,500 woorde getel!)

### SPIOENEER OP V.S.A.

Dit is ondenkbaar dat Le Monde dit kon waag om 'n dergelike verklaring uit te dink wat niks meer of minder inhou as dat die Britse geheime diens ook op die Amerikaners spioeneer nie, en verder dat Londen die Amerikaanse hoogsgeheime dokument gepubliseer wil hê ten einde daardeur blykbaar die Amerikaners tot wysiging van hul strategie te dwing. Hierdie verklaring is deur die Londense Times bevestig wat die Amerikaanse ontkenning met die kille woorde afmaak: „Die politieke betekenis van hierdie dokument is onafhanklik van die vraag omtrent sy egtheid" — 'n standpunt wat die uitwerking van hierdie politieke atoombom noukeurig weergee.

### BEVESTIGING

**Lesers van hierdie koerant sal wel aan die hand van vroeëre uitgawes kan vasstel dat ons nie net sedert weke of maande nie, maar sedert jare en sonder ophou presies dieselfde gesê het as die geheime Fechteler-berig, naamlik dat 'n geslaagde verdediging van Europa sonder 'n sterk Duitse (en Spaanse) leër heeltemal onmoontlik is, en dat die Russe nie in maande of in weke nie dog binne 'n paar dae aan die Engelse kanaal sou staan. Verder, dat die oprigting van 'n paar honderd V2-batterye aan die Kanaal die stelselmatige verwoesting van elke Britse en Skotse stad moontlik maak sonder dat 'n enkele Russiese soldaat self die Britse bodem betree, ja selfs sonder dat 'n enkele Russiese vliegtuig oor Engeland hoef te vlieg! (Ons het ook gesê dat Engeland in so 'n geval 'n „Vichy-regering" sou oprig wat hom onsydig sou verklaar, terwyl 'n imperiale regering met die koningshuis, die vloot, die lugmag en 'n groot deel van die leër in Oos-Afrika 'n nuwe burgerlike en militêre basis sal vind wat aan die sy van Amerika en die blanke dominiums**

**Deur dr. Otto Strasser**

**die oorlog voort sal sit).** 'n Paar weke gelede nog het ons weereens in besonderhede ingegaan op die enigste houbare dubbellinie, Spanje-Middellandse See-eilande-Turkye, met Noord-Afrika-Egipte-Oos-Afrika as 'n tweede linie, en ons kan ons lesers daarna verwys.

### GEEN GEHEIM

Om dit alles te voorspel was dit hoegenaamd nie nodig om geheime dokumente te steel nie, daarvoor was slegs nodig 'n duidelike kennis van die strydvermoë van die Europese volke soos dit in twee wêreldoorloë openbaar is, en 'n oorweging van die magsmiddele van Rusland en sy trawante in so 'n geval. Ons waag opnuut die voorspelling dat nòg die divisies van Frankryk en Italië, nòg die regimente van die Benelux-lande vir 'n enkele dag sal veg — nie alleen omdat die wil by hulle ontbreek om 'n heldedood te sterf nie maar bowe-al omdat die besetting van hul lande so 'n stryd tegnies onmoontlik sal maak. Wat egter die Brits-Amerikaanse besettingsoldate aangaan, dit kom daarop neer dat 'n deur gemak bedorwe, swaar belaaide leër, hom in die uur van stryd midde in 'n vyandige of op sy beste 'n onverskillige volk sal bevind, waarby nog kom dat elke Amerikaanse vliegtuig, tenk en offisierskwartier by die kommuniste bekend is, sodat die meeste van hulle nie eens tyd sal hê om alarm te maak nie wanneer die laaste uur aanbreek.

### VOORWAARDE

Die Fechteler-berig het dus maar net die feite onderstreep wat elke realistiese waarnemer geweet het en wat ook 'n meer positiewe beleid teenoor Duitsland en Spanje moes afgedwing het — waarvoor dit tans so laat is! (Heeltemal ongeag die tweede Versailles wat so pas aan Bonn vir ondertekening voorgelê is en alles behalwe 'n positiewe beleid teenoor Duitsland is.) Om dit kort saam te vat: **Slegs deur die volledig gelyke samewerking met Duitsland, Spanje en Turkye is dit moontlik om daardie deel van Europa te red wat nog nie by Jalta en Potsdam aan Moskou uitgelewer is nie. Sonder so 'n samewerkende bondgenootskap waarby ook die Arabiese wêreld ingeskakel is, is die sogenaamde „Vrye Europa" verlore die oomblik dat Stalin die marsbevel in Moskou gee.**

### AANSPORING

En nou die gevolge van die Fechteler-berig: Aangesien dit aanvaar kan word dat die Churchill-bewind hom nie as wegbereider vir Bevan as Vichy-regering beskou nie, kan aangeneem word dat die oorhandiging van die geheime dokument aan die Franse koerant bedoel was om Amerika tot groter bydrae tot die Noord-Atlantiese Verbond aan te spoor. Londen vrees niks so veel as 'n oorwinning van senator Taft in die Amerikaanse presidentsverkiesing nie, en begeer Eisenhower daarom as die volgende president, wie se hele lewensarbeid tot sover in verband met Europa gestaan het, en onder wie elke Amerikaner na Europa gestuur sal word.

### VERKLARING

Sonder om Londen of Parys te veronreg kan mens dus aanneem dat die openbaarmaking van die Fechteler-berig 'n poging van Engeland en Frankryk was om die verkiesing van Eisenhower enersyds te bevorder en andersyds om die Amerikaanse generale staf te dwing om alle moontlike kragte in Europa te konsentreer ten einde te verseker dat die oorlog op Duitse bodem uitgeveg sal word.

Aan die anderkant kom die vraag op of die sielkundige uitwerking van die geopenbaarde berig op die Europese volke nie juis die politieke doel sal neutraliseer nie. **Uit die hoogste gesag moet die volke van Wes-Europa nou verneem dat die rooi vloedgolf hulle binne drie dae sal verswelg. Die onmiddellike gevolg hiervan moet wees 'n versterking van die begeerte wat uit Moskou aangewakker word na 'n viermoondhede-konferensie wat in alle omstandighede met Moskou tot 'n vergelyk moet kom. So iets sou die Franse buitelandse beleid pas omdat 'n kompromis oor Duitsland vir hom die ideale oplossing is.**

---

## Tee-Aand

Die volgende tee-aand vir die Kaapstadse generaalskap word by die generaal, mnr. J. de Villiers Truter, in Kampsbaai gehou. Die pad daarheen lei oor Kloofnek tot by Genevaweg (eerste pad regs) en dan op in Athollweg (eerste straat regs) waar iemand met 'n lantern die huis sal aandui.

---

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad

# VOLKSBEWEGING WEN VELD IN ITALIË

**Net soos in die twintiger jare wil dit lyk of dit die fascisme sal wees wat Italië van die kommunisme sal red indien hy gered kan word. Met die jongste verkiesings van plaaslike besture het die Italiaanse volksbeweging (M.S.I.) ook die neo-fasciste genoem, aansienlike welslae behaal en die bewind in vyf belangrike provinsiale hoofstede verower. Hul stemme-totaal het binne vier jaar van 126,000 tot 601,000 gestyg. Een van die leiers van die beweging is maarskalk Graziani, die beroemde Italiaanse veldheer.**

Italië is weens die sterk posisie van die kommuniste innerlik so swak dat Westerse waarnemers die land heeltemal afskryf sover dit sy bydrae tot Europese verdediging betref. Daar word beweer dat die Pous hom voorberei om die marteldood in die hande van die kommuniste te sterwe.

Die gevaar dat Italië aanstaande jaar met die parlementêre verkiesings kommunisties sal word, is iets waarmee buitelandse waarnemers rekening hou. Daar is twee miljoen werkloses en veral in die noordelike provinsies behaal die kommuniste groot welslae met hul propaganda, wat hoofsaaklik teen Amerika gerig is. **Dit is 'n ironie dat dit juis die Amerikaanse en Britse propaganda was wat die kommunisme in Italië so bevorder het. In hierdie verband merk Intelligence Digest op: „Kommunisme in Italië het gedeeltelik gegroei weens die feit dat die Britse en Amerikaanse radio alles in hul vermoë gedoen het om Rusland aan die Italiaanse massas af te smeer. Honderdduisende het elke woord geglo wat hulle aangaande Rusland vertel is — vertel deur ons."**

**Vandag is dit Mussolini se gehate en vervolgde volgelinge wat die enigste hoop op redding bied!**




Sole Representatives: African Sales Co (Pty) Ltd
P.O. Box 7261, Johannesburg

